# Kareeberg Munisipaliteit

**19/2020 KWOTASIES: AANRY VAN WATER - HUISHOUDINGS TE VANWYKSVLEI**

Skriftelike kwotasies word hiermee ingewag vir die aanry van water vanaf 'n tappunt in Vanwyksvlei-dorp na elke huishouding daagliks. Kwoteerders se prys kan slegs insluit huur van voertuig of 'n trekker en sleepwa of alternatiewelik huur en arbeid om water van tappunt te ry. Die inhoudsmaat van die tenk/tenke moet aangedui word.

**Die bewys van registrasie by die Sentrale Verskaffer Databasis moet aangeheg wees. Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) nie aangeheg is nie. Die ingevulde vorms MDB 6.1, MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word. Pryse en punte word in aggeneem met beoordeling van kwotasies.**

Verseëlde kwotasies gemerk "**KWOTASIE: AANRY VAN WATER - Vanwyksvlei** " moet die ondergetekende voor of op **Donderdag, 26 Maart 2020** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

**MNR. W DE BRUIN**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

13 Maart 2020

L8.2.1

Webtuiste: www.kareeberg.co.za